ISSN 0258-0152



# SWART OP WIT

j g 2/1 vere et iucunde Maart 1986



# 'N BELEIDSVERKLARING, SWART OP WIT

In sy tweede bestaansjaar pas dit ons tydskrif om rond-uit te sê waar hy staan en waar hy wil heen.

Swart op Wit wil nie die mondstuk wees van 'n drukgroep wat 'n "ons" en "hulle" mentaliteit in die hand werk nie. Dìt is 'n sektariese mentaliteit, en Swart op Wit is anti-sektaries.

jou lewe — het jy die sleutel van die Reformatoriese Bybelse geloof.

Swart op Wit wil dit in alle toonaarde doen en demonstreer, en in die praktyk van die lewe toepas. Medewerkers is welkom om ook te skrywe, maar geen aktiewe uitnodigings sal daarvoor gerig word

## Op die bedkassie vir vanaand

**Hoe die maagd Maria ook maar owerspelig was.**

**Hoe hartstogtelik Abisag na Salomo verlang het.**

**Die hele verhaal van die doop in 'n neutedop.**

**Hoe ons kategeet kamma "soek" na 'n middelaar.**

**Die magstryd van Barkie en Jakkie oor beheer van Bitterals.**

**Afrikanereenheid in gedrang met die PNP, en oor die OAE.**

**Verwarring oor mossies in 'n gebed.**

**'n Pleidooi om verstandelik erg-gestremdes te laat trou.**

Swart op Wit verwonder hom aan die wonder dat God sy genadewoorde swart op wit aan ons geopenbaar het, en dit nog meer swart op wit met sakramente verseël. Van hierdie wonder wil Swart op Wit in moderne leesbare Afrikaans 'n getuie wees.

Sy riglyn is die teologie van die Reformasie en sy toeleg om aan te toon dat dié teologie nie so ingewikkeld is as wat die ortodoksie dit gemaak, die piëtisme (vroomheidsgodsdiens) voorgee, en die gewone lidmaat vrees nie. As jy kinderlik glo dat Jesus vir ál jou sonde op Golgota gesterf het — vir dié wat jy geërf het, tot dié van die laaste dag van

nie. As iemand iets aan SOW stuur, is dit uit vrye beweging en kan dit die blad nie ten laste gelê word dat hy bydraes van enige ander kerklike publikasies wegtrek nie.

Omgekeerd is die redakteur van SOW bereid om aan elke versoek van 'n kerklike tydskrif om 'n bydrae, te voldoen.

Swart op Wit verskyn dus kragtens die reg van spraakvryheid in 'n vrye land, met 'n vrye sê in die gees van die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en kragtens die feit dat daar vryheid is waar die Gees van die Heer is.

AKTUEEL

# WATERS VAN RUS

Soms gebeur dit dat 'n mens in baie diep water beland. Dat die water tot aan jou siel kom. Jy kan die bodem nie kry nie, en jy raak kant nog wal; en later, as jy begin spartel om net weer kop bo water te kry, voel dit of jy bly sak en sak, en nooit weer sal asem haal nie.

Dan kom daar 'n groot angs, en 'n groot donkerte oor jou, en wanhoop. So groot en so diep dat jy dit nie eens van jou bors af geskryf kan kry nie. Jou pen word 'n reptiel waarvan jy die swart gif vrees.

Dan is daar genadiglik die geneeshere van die Heer wat sy skepping leer verstaan het en 'n kombersie oor jou kop trek sodat die sinne stomper word en die onwerklikheid leefbaar. Jy praat stadig en jou hande skryf dom, maar jy lewe, en oorlewe, en jy kan weer die Woord begin hoor wat praat van waters waar rus is.

Al is die Woord nog baie ver, en dof, en al slaan die angs nog soms om jou hart as jy in die nag wakker word.

Soms glimlag jy as jy in die môre wakker word, en die son skyn, en 'n paar oomblikke lank dink jy dat alles net 'n nare droom was; soos iemand wat die vorige dag 'n geliefde begrawe het. En dan kom die werklikheid en al die nare skok weer terug.

Jy weet nie waarom dit gebeur het nie. Jy weet dit nie uit jouself nie. As die Woord nie vir jou voorsê dat God alle dinge laat meewerk ten goede vir dié wat Hom liefhet en vir dié wat Hy uit die ewigheid geroep het nie, dan sal jy daar niks mee kan maak nie. Nou kan jy dit darem glo.

na bl. 5

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, LYNN EAST 0039
Tel: (012) 821153

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

U KAN SWART OP WIT FOTOKOPIEER MAAR DAN LEWER U GEEN BYDRAE OM SY VOORTGANG TE VERSEKER NIE

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan

## Berkouwer oor Noordmans

"Ek het Noordmans slegs één keer in my lewe gesien, tot my spyt, want ek lees nou ál sy boeke. Fantasties! 'De Zondaar en de Bedelaar' – maar dit was die mense van tóé 'n bietjie vooruit. En tog is dit een van die allermooiste, mees fassinerende stukke wat Noordmans ooit geskryf het."

Hierdie aanhaling kom uit 'n onderhoud wat Yko van der Goot met prof. Berkouwer gevoer het. Berkouwer was toe 80 jaar oud. Die onderhoud is gepubliseer in 'Rondom het Woord' XXV,2,'83. Prof. Berkouwer was dekades lank die toonaangewende dogmatikus in die Gereformeerde wêreld, en feitlik elke Suid-Afrikaanse dogmatikus van naam het aan die Vrije Universiteit van Amsterdam onder hom studeer.

## Gebed vir 'n mossie

Met die jare yk selfs 'n mens se gebede. Nie almal nie, maar by die siekes gaan jy maar weer en weer in die hospitaal staan en jy sê: "Here, dankie dat U in u Woord laat aanteken het dat U weet as 'n mossie op die aarde val. Hoeveel te meer sal U weet as een van u kosbare kinders ernstig siek in die hospitaal lê." Daarna kan daar dan allerlei variasies volg.

Ek sien daar niks verkeerd mee nie. Maar 'n mens moet tog maar versigtig wees voor jy iets gedagteloos doen.

Want onlangs staan ek in Bloemfontein langs 'n bed (in die koronêre eenheid) en ek sê: "Dankie Here dat U weet as 'n mossie op die aarde val. Hoeveel te meer...", en toe besef ek dat my oom, by wie se bed ek staan, se naam Mossie is. Mosterd, Mossie Kotzé.

Amper sê ek toe: "Hoeveel te meer sal U omgee vir hiérdie Mossie"!

Dit gaan vandag soveel beter met hom. Ek sit hier op sy plaas en skryf.

## Die skat van die kerk

Dr. Theo Badenhorst, La Rochelle, Bellville, skryf in Die Kerkbode o.m.:

"Is ons bediening, wat die eintlike evangelieboodskap betref, nie te flou nie? Die sektariese groepe s'n is eenvoudig en helder: Dít moet jy doen, en só moet jy maak, dan is dinge reg...

"Ons spel nie duidelik genoeg uit dat Christus alleen genoegsaam is nie. Ons praat nie van die verreikendheid van God se liefde vir sondaars, die oormag van sy genade, die skande van die kruis en die finale versekering wat in Jesus Christus self is nie.

"Die geweldige positiewe klanke laat weerklink ons nie duidelik en eenvoudig genoeg nie. Omdat mense dan elders sektariese steunpunte en handvatsels vind wat vir hulle uitgehou word, gryp hulle liewer daarna as na die skat van die boodskap van die kerk."

# Nie koue verstandsgodsdiens

So lank is daar in Suid-Afrika teen "gevoelsgodsdiens" (metodisme, piëtisme ens.) geprotesteer in die naam van "Gereformeerd" en Calvinisme, dat laasgenoemde twee 'n slegte naam en 'n bysmaak gekry het.

Om arminiaanse dwalings uit te wys (die opvatting dat ons darem óns kant ook moet bring om gered te word), en sekuur te weet waar en hoe alles in die Kategismus en die ander formuliere van enigheid staan, bring nié vir ons (regsinnige) saligheid nie. So min as wat ons in die hemel kan kom deur God met ons gevoel en toewyding te imponeer, so min kan ons die hemel met regsinnigheid verwerf. Daarom is koue verstandsgodsdiens ewe onaanvaarbaar as geesdrywery.

Ons word gered deur Jesus en Jesus alleen. Hy het volkóme vir ál ons skuld op die kruis betaal, net omdat God ons jammer gekry het — so glo ons, en mag ons glo.

As jy nou mooi kyk, sal jy sien dat dít eintlik al is wat die Drie Formuliere in al sy artikels sê. Ons drie belydenisskrifte het by die 260 artikels altesaam.) Dít is die sleutel. Dít is wat dit kinderlik eenvoudig maak.

Ek dink daar is 'n saak voor uit te maak om al die bevestigingsformuliere se vrae (aan ouers, ampsdraers ens.) só op te vat: Glo jy dat die evangelie wat ons hiér verkondig, die leer van die volkome saligheid is. Met ander woorde: Dat Christus ten vólle betaal het; volkóme aan ál die eise voldoen het.

# Afrikanereenheid

Sê nou daar steek waarheid in die gerugte dat daar so 35 Nasionaliste LP's is wat ontevrede is met die vordering wat met politieke hervorming gemaak word en hulle sou aansluiting vind by die regtervleuel van die PFP. Dan sal jy darem 'n verdeeldheid sien van Afrikaners soos nog min in die geskiedenis. Dan sit ons (v.r.n.l.) in die HNP, KP, NP en PNP (Progressiewe Nasionale Party). Daar sal darem seker min Afrikaners oorbly in die PFP onder die Houghton-bestuur, en die NRP sal dan seker as vanself oplos in die twee NP's.

Wat doen ons dan?

Ons stig 'n OAE, — 'n Organisasie vir Afrikanereenheid, met of sonder affiliasie by die FAK en ons nooi alle volwasse Afrikaners wat bereid is om vir Afrikaans saam te werk, om aan te sluit, ongeag aan watter politieke party hulle behoort. Dan bevorder ons Afrikaans onbevange en word 'n keer groot. Holland sit met twee dosyn partye en as dit op stuk van sake kom, staan Hollanders saam, sonder 'n FHK.

Die politiek is vir die korttermynprobleme. Afrikaans is 'n medium waarin die evangeliewoorde van God oor ons ewige toekoms gehoor kan word. Een van die belangrikste redes vir sy ontstaan, was toe CP Hoogenhout en ander die Bybel in die taal wat die bruin Afrikaners gepraat het, begin vertaal het. Hoogenhout se kleindogter het my dit self vertel.

# Sommer 'n inskrywing

Op 13 Desember 1982 het ek die volgende paar vreemde woorde in my skryfboek geskrywe — op Kromrivier in die Sederberge. Dalk maak dit vir iemand nog sin:

In elke stuk wat geskryf word, sit daar 'n uitdaging om iets te (be-) skryf wat dalk onbeskryflik is. Die uitdaging wat die minste skrywers aanvaar, is om geluk te beskryf. Of is daar maar net so min daarvan?

Die hele dag het die skadu oor die huis en die plaas en oor my hart geval — nee, dit is moontlik dat 'n mens iets wat reeds gebeur het, kan verongeluk. Soos 'n lont wat terugbrand met die pad waarlangs jy gekruip het.

# Twee interessante briewe

"Ek het goeie nuus vir jou. Ek was namiddag by 'n roudiens in Filippi se Lutherse kerk. Die Pastor had 'n baie mooi rede oor die ewige lewe wat God vir ons bewerk het. Net Gód kan die lewe gee, verniet, sê hy.

na bl. 12

van bl. 2

**Jy kan lê en sit en stadig loop onder jou valium-kombersie en net bly bid en weet dat dit ook sal verbygaan en dat dit waaragtig waar is dat God sonde vergewe, al is dit hoe swaar om te glo — nadat jy self duisende mense daarvan verseker het.**

**Die lewe is baie hard. Die werklikheid is vreemder as die vreemdste fiksie.**

**Ek dink Dawid was baie na aan wanhoop toe hy Ps. 23 geskryf het. Hy was soos 'n skaap sonder 'n herder, met wolwe wat rondom hom tjank en hoonlag. Hy was bankrot, veral in sy hart. Hy het die skadu van die dood voelbaar oor hom voel rasper, en hy het groot onheil en skande gevrees, en gewonder of God regtig met hom is.**

**Toe het hy sy dapper, bekendste woorde geskrywe, en dit só geskrywe juis omdat hy geweet het waarvan hy praat.**

**Ek dink daarom was hy 'n man na Gods hart. God kon hom teen sy hart druk omdat Hy hom so innig jammer gekry het. Dawid was nie anders as ons nie. Hy was 'n reus in die geloof, nie in deugde nie. Hy was 'n kerkmuis wat geweet het hoe groot ons sonde en verlorenheid is.**

**En wat in hierdie angs en verlatenheid hom op God verlaat het wat niks anders as ons ellende in ag geneem het toe Hy ons in die ewigheid uit die duisternis begin roep het na sy wonderbare lig, en na waters waar rus is nie.**

**In die grootste leed kan 'n mens hierdie woorde van Dawid agter hom aan mompel.**

## BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT

# DIE OWERSPELIGE MAAGD

**IN ONS NUWE TESTAMENTIESE BYBELSTUDIE PLAAS ONS DIE VIER EVANGELIES CHRONOLOGIES LANGS MEKAAR. DIE VORIGE STUDIES KAN TEEN NETTO KOSTE VAN ONS KANTOOR BESTEL WORD.**

Luk. 1:34: "Maar Maria sê vir die engel: 'Hoe is so iets moontlik...?' "

Waarskuwings in die verlede dat ons die Bybel verkeerd verstaan as ons heiliges daarin soek, behoort ons nou met wawyd oë na Maria te laat kyk. Maria is die voorste heilige in die Rooms-Katolieke kerk. Sy word aanbid. Sy sou onbevlek ontvang gewees het, en sy is in die hemel opgeneem soos Henog en Elia, aldus die Roomse. Sommige meen selfs dat sy altyd 'n maagd gebly het, en sy word genoem theotokos: Moeder van God.

Daarom moet ons uiters versigtig wees as ons gelowig met nuwe oë na hierdie Skrifgedeelte kyk. Ons moet ook versigtig wees dat ons Maria nie uit vooroordeel verteken nie.

Maria is 'n maagd, verloof aan Josef, uit die geslag van Dawid. Op eens staan 'n man by haar. Hy sê: "Gegroet! Begenadigde! Die Here is by jou." (Hy sê nié, wat die Katolieke gesê het hy gesê het nie: Hail Mary, full of grace — in die sin dat sy 'n bron van genade vir ander mense sal wees nie.) Hy sê: Die Here skenk sy genade aan jóú. Vrede vir jou. Shalom. Hy sê dit aan 'n vrou wie se naam "oproer" beteken. En hy sê: Die Here is (hier) by jou. Hy sê nie hý is die Here nie, maar hy is die teenwoordigheid van die Here. Hy is die engel van die Here, sy arm, sy regterhand.

Geen wonder dat Maria verbysterd is nie. Sy deel die verbystering van Jesus se broers toe hulle besef in wie se teenwoordigheid hulle staan (lê). En van Jesus se dissipels toe Hy skielik tussen hulle staan — na hulle verloëning en mislukking — en Hy sê: Genade vir julle en vrede van God ons Vader... As ons maar Sondae iets van Maria se verbystering kan beleef as die liturg in God se Naam sê: "Genade vir julle..."

"Zo'n woord is geen vernuftig bedenksel. Het is een vonk van Gods liefde onder hoge spanning. Zulk een groet is een kracht, die wat doet in het leven dergenen die hem krijgen. Dan wordt daarin iets ontvangen en straks geboren, zoals toen een der zonen Gods, de engel Gabriël, de maagd Maria groette." (Noordmans, 8/284)

Maria is dus verbysterd. Sy glimlag nie 'n meerderwaardige alwyse Mona Lisa-lag nie. Sy verstaan

nie waaroor dit gaan nie. Haar gedagtes is verward. Sy het nie in vrome verwaandheid op die engel sit en wag nie. Gods verskyning is totale verrassing. Genade is altyd verrassend. Jy verwag die dood, en jy kry die lewe.

En dan sê die engel nee, sy hoef nie bang te wees nie. Hy verkondig dus 'n vryspraak. God se genade sal vir haar genoeg wees. Meer as genoeg. Al is jy 'n sondige mens, "God bewys genade aan jou." Kyk tog mooi hierna. Hier staan nie God het jou waardig gevind om moedertjie van God te wees nie. God begenadig jou soos Hy die sondige wêreld begenadig.

En hy maak die ontvangenis en geboorte van Jesus bekend. Die langverwagte Messias. Gróót sal Hy wees, Seun van die Allerhoogste. Dit moes haar laat duisel het. Haar seun is die Seun van God. En Hy sal 'n koning wees, want Hy kry die troon van die gróót koning, Dawid. Miskien was dît vir haar nog méér verbysterend. Waarskynlik was sy soos ons wat meer dink van 'n koning as van ons eie kindskap van God.

En tog verstaan ons nog meer as sy. Wat weet sy in daardie moment van om "oor die nageslag van Jakob te heers tot in ewigheid"? En van 'n koningskap waaraan daar geen einde sal wees nie? Sy weet eenvoudig nie, wat ons genadiglik weet nie, dat Hy van die regterhand van God af sal heers tot in ewigheid.

**AS ONS MARIA TEKEN, MOET ONS VERSIGTIG WEES DAT ONS NIE UIT REAKSIE TEEN DIE ROOMSES HAAR BEELD BENADEEL NIE. HOE KAN ONS HAAR DAN 'N OWERSPELIGE MAAGD NOEM?**

Dit alles maak die engel in sy verbysterende verklaring aan haar bekend. Soos 'n magtige waterval druis dit oor haar heen. Hoe geweldig kan God tog praat nadat Hy eeue lank oënskynlik geswyg het.

"Maar Maria..." Daar het ons nou die méns Maria. Net soos Sagaria, Manoag, Gideon, Abraham, Sara, Moses, Jesaja, Tomas. Sy sê nie in vrome vervoering: Ag, dankie tog, ek sal my bes doen nie. Sy sê: Dis tog nie moontlik nie. Kinders word deur mans verwek, en ek het nie 'n man nie.

Die feit dat sy dit opsigtelik nie so verstaan dat die verwekking na haar troue met Josef sal gebeur nie, bewys dat die engel hom so uitgedruk het dat sy op die drumpel van haar swangerskap is. Die engel het dus iets van 'n profetiese aanslag. Hy profeteer van iets wat nog moet kom asof dit reeds gebeur het. Daarom sê Maria: Ek het dan nie met 'n man omgang gehad nie? Misreken u u nie? Ken u die feite van die lewe?

En dan antwoord die engel haar met heilige poëtiese eenvoud. Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Dáárom sal die een wat verwek word, héilig wees. Nie in sonde ontvang en gebore soos sy voorvader Dawid nie. Dáárom ook Seun van God. Gód is sy Vader.

**DIE AANKONDIGING AAN MARIA IS EEN VAN DIE TALLE TAFERELE WAT OP DIE KRUIS UITLOOP.**

En Hy gee ook aan haar 'n teken, 'n sakrament. Want sy, die mens Maria, kom ook maar uit 'n slegte en owerspelige geslag wat nie sonder tekens oor die weg kan kom nie. Sy is 'n owerspelige maagd. Hy sê, hy maak bekend: Iets soos: Jou Tant Elisabet verwag ook. As jy twyfel daaraan of God alles kan doen, gaan kyk na gryse, onvrugbare Elisabet. En wees gelowig, nie ongelowig nie. (Later sou Maria met haar kind weer die teken vir die herders wees.)

Dán eers is Maria gelowig.

Dán eers val Tomas aan Jesus se voete neer en sê: My Here en my God.

Sy sê: Ek is 'n doelê, 'n slavin. Diensbereid vir die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het. Toe het die engel nie owerspel met haar gepleeg soos wat in heidense mites en sages sou gebeur het nie, maar weggegaan, sê Lukas. Die Heilige Gees, God self, sou die wonder doen.

Hiermee het die evangelie Maria in haar swakheid en in haar krag geteken. Sy bevraagteken God se woorde. God staaf sy woorde met 'n teken. En Maria glo, soos Abraham. Sy gee haar gelowig oor aan God. Sy verkoop alles wat sy het, om Jesus te volg. Al verstaan sy nog nie baie nie, sy glo. En sy trotseer die risiko's. Die skerp skindertonge wat gaan sê: Waar kom dié kind vedaan? Haar verloofde wat haar met alle reg kan skei omdat sy nie meer 'n maagd kan wees nie. Hy wóú ook, wat beteken dat hy haar nie wou glo nie. God moes spesiaal ingryp om hom in sy ongeloof te stuit. En Maria trotseer die dood, want owerspel was met die dood strafbaar. Al is dit nie dikwels toegepas nie, dit was moontlik.

So sien ons die Bybelse genadestruktuur ook in die verhaaltjie van Maria gehandhaaf. Die Woord wat spreek van begenadiging, en in haar vlees vlees word. In 'n maagd, om nog eens te bewys dat Gód red. Ondanks die ongeloof van die mense. Een van die talle tafere wat op die kruis uitloop; die temaliedjie wat tot 'n helse en hemelse crescendo aanswel op Golgota. Sy vernedering en lyding wat strek vanaf sy menswording in die baarmoeder van 'n swakke vrou tot op die kruis, die kraamkamer van die hele skepping — waar ons weer gebore is. (1 Petr. 1:3,23,25)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

## BYBELSTUDIE OU TESTAMENT

# IN DIE KAMER VAN DIE KONING

Hoogl. 1:4: "Die koning neem my toe na sy kamer toe.
Ps. 72:1, "Van Salomo ... Hier eindig die gebede van Dawid ben Isai."

Ons is in die paleis, en Salomo en Abisag is getroud. Al die drama, spanning en wag is verby. Hulle is terug in Jerusalem, na hulle huweliksreis in Noord-Israel, en saam skryf hulle nou 'n lang liefdeslied. Maar hulle skryf nie net nie. Hulle skryf wat hulle doen.

"Soen my, soen my weer en weer."(1:1)

Onthou jy dit nog? Die ekstase. Die wonder van die woorde, wat nie maar net woorde is nie; wat die asem laat ruk en die hart op loop jaag. Die absolute reserwelose oorgawe wat sit in die pleit. Soen my, soen my tog; moenie ophou nie.

Voorheen was dit skaars. Voorheen moes dit verower of afgebedel word. Voorheen was dit goedkoop vir die meisie om dit aan te bied (Abisag is aan die woord); om te vra, ongehoord om te smeek. Maar nou, ná die huwelik, lê die wonder in die inisiatief, in die totale oorgawe. Want vroeër was hulle twee, maar nou het hulle één geword. Een vlees. Een liggaam met twee harte wat roep om een te wees.

Waarom moet dit ooit afslyt? Waarom gewoon raak? Waarom moet die skadu van Salomo se 999 ander liefdes oor hierdie verruklike eerste woorde val? Dié liefdes wat sy hart van die Here afvallig gemaak het, en uiteindelik die kruis help oprig het.

Soen my, soen my weer en weer! Ons behoort aan mekaar. Ek is syne, en hy is myne. Wat begeer 'n mens meer op hierdie aarde as om lief te hê en liefgehê te word.

* * *

As jy nou ál die pret wil bederwe, moet jy klinies oor soen begin dink. Twee mense druk hulle ete en drinke teen mekaar... Dis glo ongesond ook, sê bleek laboratoriumdeskundiges.

En tog soen die diere ook. Die voëltjies en die hondjies. Waar is meer vreugde as wanneer 'n hond sy sin kry om al sy liefde en lojaliteit in sy baas se gesig uit te lek.

* * *

Die volgende vier reëls is sagter. Dit word gefluister in sy oor. Sy sê as hý aan haar raak, haar streel, dan swik haar bene en sy word lighoofdig. Die laaste weerstand wyk. Dis beter as met wyn.

Sy sê hy ruik so lekker. Letterlik staan daar sy salf, maar dit beteken seker parfuum. Hoe sal ons nou weet of konings en mans daardie tyd parfuum gebruik het. Mum for men. Dis dinge wat verander. Dis nie wesenlik nie. Soos die lengte van hare, en snorre en baarde. Die reuk van 'n mens se liggaam is baie belangrik. Dit veroorsaak en voorkom soms selfs egskeidings, sê John Steinbeck.

En sy sê sy naam is soos parfuum. Sy naam is so mooi. Sy fluister sy naam oor en oor. Sy naam is 'n towerwoord, wat die hekke in haar oop en oop laat gaan. En skielik brand die jaloesie op haar lippe. (Waarom is daar nóg mense? Waarom is ons nie alleen op aarde nie? Waarom mag nóg mense jou Shelomo noem?) Dis oor jou naam so mooi is dat al die meisies en al die vrouens op jou verlief is. Jy en jou naam is één.

In die oorspronklike staan net "hulle", maar ek dink dis mooi van die nuwe vertaling om die "hulle" tot "meisies" in te kleur.

**ONS BYBELSTUDIEREEKS OOR HOOGLIED IS GEBASEER OP DIE VERONDERSTELLING DAT SALOMO SE BRUID DIE BEELDSKONE VERPLEEGSTERTJIE VAN SUNEM IN 2 SAMUEL IS.**

En dan vers 4. Kom ons hardloop weg van al die mense af! Maak gou! Neem my weg — na 'n plek toe waar ons alleen kan wees. Nét ek en jy. Hardloop! Hardloop!

Ek hoop jy kan die asem voel jaag. Ek hoop jy kan nog so ver terug onthou, as jy al grys is. Ek hoop nie dit maak jou seer nie. As jy jonk is, is ek jaloers daarop dat jy dit gister nog geweet en gevoel het. As dit skoon was en heilig omdat dit nie normloos was nie, sal dit nie eensaamheid en pyn bring nie.

* * *

Toe neem die koning my na sy kamer toe.

Dit lyk of sy dit ter syde sê, sonder aanhalingstekens, vir die lesers en die luisteraars. Sy sê dit

na bl. 9

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

# WIE SAL BETAAL?

**VERAL VIR TIENERS WAT BETER WIL VERSTAAN**

## Te voet deur die kategismus

HK deel 2, Sondag 5

IN die vorige uitgawe(s) het ons in die cul de sac van die eerste hoofstuk van die Kategismus op die voldonge feit gestuit dat ons, jy én ek, gedoem is tot die hel, die verdoemenis, omdat ons sondaars is, en omdat God nie 'n slordige God is wat maar sommer ons haat vir Hom en mekaar deur die vingers kan sien nie.

Vraag 12 (van die 5de Sondag) sê dit in soveel woorde: Dat "ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige (helse) straf**verdien** het..." Natuurlik stel hy dit eintlik in 'n vraagvorm: Aangesien ons dus eintlik die hel **verdien** het, "hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?"

Dit is Luther se beroemde vraag: Waar kry ek tog 'n genadige God? Ek is, op myself aangewese, op 'n glybaan op pad hel toe — hoe kan ek in my hellevaart gestuit word? Is dit nie dalk moontlik dat God van plan kan verander nie? Dat iemand sy toorn kan stil, en kan maak dat Hy weer met oë van genade na ons sal kyk nie? Sagte oë, wat liefhet, en vergewe het.

**DIE EERSTE HOOFSTUK VAN DIE KATEGISMUS Sê DAT ONS ONSTUITBAAR OP PAD HEL TOE IS, BEHALWE AS ONS WEER GEBORE WORD, EN DIT IS MENSLIK ONMOONTLIK. IS DIT NIE MOONTLIK DAT GOD DALK VAN PLAN KAN VERANDER NIE?**

En dan antwoord ons klein meesterlike kategesehandboekie: Aan God se reg móét voldoen word. So òf onsself moet dinge regmaak, òf iemand anders. En dan nie maar so half-reg nie, daar moet "ten volle betaal" word.

* * *

Jy moet heeltyd onthou dat die skrywer van die Kategismus die antwoorde en die einde van die verhaal ken. Toe hy 5:12 geskryf het, het hy nie regtig gewonder hoe ons uit ons probleme kom nie. (Hy het dan 1:1 eerste geskryf.) Maar hy doen dit op hierdie manier om jou te help verstaan. Hy laat jou saam met hom dink sodat jy kan verstaan hoe dit kom dat daar uiteindelik 'n kruis op Golgota (moet) staan.

Maar jy moenie dink hy suig hierdie argumente uit sy duim nie. Hy beroep hom deurgaans op die Skrif. Gen. 2:17: Die dag as jy oortree, sterf jy; Eks. 23:7: "Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie"; Eseg. 18:4: Die mens wat sondig sal sterf; Matt. 5:26: Jesus sê die algemene reël (sonder versoening) is: "Jy sal daar sekerlik nie uitkom, voordat jy die laaste sent betaal het nie"; 2 Tess. 1:6: "God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly..." (maar aan júlle lyding ... sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus...!)

* * *

Die volgende vraag (5:13) is logies: "Kan ons self betaal?"

**ONTHOU DAT DIE SKRYWER DIE ANTWOORDE KEN EN WEET WAT DIE OPLOSSING IS.**

En die antwoord konsekwent: Nee, hoegenaamd nie. Inteendeel, ons maak ons skuld elke dag nog groter.

Dis 'n vernietigende antwoord. Met ons beste bedoelings en al ons beste voetjies voor, maak ons ons skuld maar net al groter.

Die welsprekendste getuie hiervan is die Fariseër van die gelykenis in Luk 18. As daar nou ooit 'n man was wat gemeen het hy doen die dinge reg... "O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers... Ek vas twee keer in die week (in plaas van een keer per jaar) en ek gee 'n tiende van my bruto inkomste." En al wat hy heeltyd regkry, is om sy skuld by God maar net groter te maak, sê Jesus self.

Jy moet dit tog asseblief ter harte neem. Ons is meesal so verkeerd geprogrammeer. Ons dink tollenaars kom tot bekering, en dan moet hulle soos die Fariseër optree. Maar die Bybel sê Fariseërs moet tot bekering kom en bid: "O God, wees my, sondaar genadig." Die Bybel sê mense wat weet hoe groot hulle sonde en ellende is, doen dit makliker en verstaan dit beter. Dink baie mooi voordat jy jou laat ompraat om 'n verwaande "vrome" te

word. Niemand is so verwaand soos iemand wat voorgee dat hy nederig is nie.

* * *

Nee, ons kan dus nie, ons skuld word net al meer.

Is daar enige ander "skepsel" (L.W.) wat vir ons sal kan betaal? (5:14)

Met skepsel bedoel ons handboekie nie net offerdiere nie. Met die Nuwe Testament (veral Hebreërs) in die hand, kan die gedagte skaars nog by 'n mens opkom dat offerdiere vir ons sonde kan betaal. Die diere wat geoffer is in die ou bedeling was maar profesieë, noodkrete, van Jesus wat sal (moet) kom. Met "skepsels" bedoel hy ook mense. Slaan maar sy teksbewyse na, as hy antwoord "nee, geen ander skepsel kan **die mens** se skuld dra nie." Net so min as wat 'n skaap of 'n bees jou vrou of jou naaste in jou plek kan liefhê, net so min kan hy God in jou plek liefhê.

Maar "tweedens kan geen **gewone skepsel** die las (gewig) van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.

Dis maar weer dieselfde storie oor. Géén mens is sterk genoeg om dit te doen nie. Nie jyself nie; ook nie PW Botha, AP Treurnicht, Elvis of Superman nie. Neem maar net Ps. 130:3:

As U o Heer ons sonde
na reg wou gadeslaan
wie sou maar één sekonde
voor U, o Heer, bly staan

En in die lig van 5:13 is "sondes" en "dade" dieselfde ding.

* * *

Maar ons boekie gee nie op nie. Hy gaan sit nie soos Job op die ashoop en vervloek sy geboortedag nie.

Hy vra: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek? (5:15)

En hy antwoord: "So een wat tegelyk ware en (maar) regverdige men is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.

**ONS DINK TOLLENAARS MOET TOT BEKERING KOM EN FARISEëRS WORD, MAAR DIE BYBEL LEER ANDERSOM.**

Nou sal hy eers by 6:18 (kamma) uitkom by wie die verlosser is, maar ons weet dit nou al. Net God kan ons red. En as die hemelreëls bepaal dat **'n mens** moet betaal omdat **'n mens** gesondig het, dan word God selfs 'n mens. En ons val in aanbidding neer omdat God hierdie wonderlike plan maak met sy regverdigheid. Hy doen wat nooit in die hart van 'n mens kon opgekom het nie, wat selfs die Ou Testament verras het. Hy word 'n nederige mens, en dan ook nog die grootste sondaar van almal (sê Luther), want álmal se skuld en skande word op Hom gelaai.

Net 'n laaste waarskuwende gedagte. As 5:15 sê hoe 'n middelaar ons moet "soek", bedoel hy nie letterlik dat ons moet soek tot ons Hom kry nie. Hy bedoel hoe 'n middelaar het ons nodig. Dat dít die bedoeling is, blyk helder uit 6:18 waar gesê word dat God Jesus vir ons "gegee" het. Hý het ons kom soek.

van bl. 7

met groot oë, en 'n kort asem. Toe neem die koning my na sy kamer toe. Die kamer met die magdom herinnerings. Die kamer waarin die ou koning was; wat 'n hel in my geheue sou geword het, as dit altyd net 'n herinnering moes bly. Die kamer waarin ek Salomo ontmoet het.

Bo-aan Ps. 72 staan daar: "Van Salomo". Dit kan ook vertaal word met: "Opgedra aan Salomo". En aan die einde van die psalm staan daar: "Hier eindig die woorde van Dawid die seun van Isai." Dit het Calvyn, in sy kommentaar op die Psalms, die vermoede laat uitspreek dat die koning in sy grysheid te swak was om die pen vas te hou en toe die woorde van sy laaste gedig aan Salomo gedikteer en opgedra het. As Calvyn gelyk het, was Abisag dus by toe hierdie gedig gebore is. Toe die atmosfeer swanger was van die sterwensure van die koning en die vlammende woorde oor die prins.

Dit was na hierdie kamer waarheen die koning haar nou geneem het. Die prins wat nou koning is. Nie in haar wildste drome kon sy dit tóé droom nie. Miskien net in die wildstes.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986*

# DIE GROOT BELOFTE

## 'n Gesprek met doopouers oor die doop

So elke maand sit die paartjies in die sitkamer, en dan praat ons oor Sondag se doop. Ons blaas die stof af van wat hulle weet, en ons sê in woorde wat hulle diep in hulle harte weet, en glo, maar nie altyd gesê kan kry nie.

En soms bekruip die vrees jou dat jy op 'n dag sommige van die dinge gaan vergeet. Dat jy dit moet opskrywe voor jy dit dalk vergeet.

So kom ons speel jy kuier by my. Ons speel ons hou dooponderhoud. Ek hoop nie jy's allergies vir stof nie.

### Ontspan

Die eerste ding wat ek wil hê, is dat jy moet ontspan. Vergeet om te kommer of jou kroontjie deurmekaar is, en of jou rok skeef sit. En of jy die regte ding op die regte plek gaan doen. Ek gaan 'n seremoniemeester wees, en ek sal jou elke ding sê wat jy moet doen, en wanneer jy moet antwoord, en wanneer jy weer kan loop.

Net ná die preek sal ek julle roep, dan kom staan julle voor die kansel, man regs, vrou links, maar die regs en die links is nie so belangrik nie.

Dan ontspan julle lekker en luister en kyk mooi wat daar gebeur. Want dis so 'n belangrike ding dat 'n mens nìks daarvan moet mis nie. Die ergste wat kan verkeerd loop, is dat ek die doopbak kan omtrap, en dan roep ons die koster vir nuwe water, en dan gaan ons net weer aan.

### Na die preek

Die doop is na die preek omdat hy daar hoort. Want die doop is 'n sakrament, en 'n sakrament sertifiseer die Woord. Die preek bedien die Woord, en die sakrament sertifiseer hom; hy onderstreep en bekragtig hom. Hy plaas die seël daarop.

Moenie dat jou gedagtes dwaal nie. Dis nie regtig so moeilik nie, en jy gaan dit nóú agterkom.

Kyk, in die preek praat die Here met die mense. Eintlik in die Skriflesing, maar in die preek sê die segsman van God dat die mense die woorde van God mag glo. Hy soebat hulle selfs om dit te doen, soos Paulus in 2 Kor. 5:20. Hy sê: Mense, die Here sê Hy het julle lief. Julle is sy kinders. Hy het alles tussen julle en Hom reggemaak op Golgota.

Maar dan is dit asof die Here bang is dat die mense dalk nog huiwerig sal wees om te glo — dat hulle dalk sal wonder of Hy nie miskien met iemand anders praat nie. Dat dit dalk net te goed is om waar te wees.

Daarom laat Hy die man van die kansel, die praatplek, afklim, en Hy laat hom elke dopeling se naam noem. Dan kan niémand meer twyfel met wie die Here praat nie. Hy noem hulle dan op die name. Jy kyk tog nie om as iemand jóú naam noem nie. Dan weet jy mos hy praat met jóú.

Dìt is 'n sakrament. 'n Sakrament sê: Moenie omkyk nie, God praat met jóú.

### Soos die nagmaal

Dis nes die nagmaal. Die bedienaar (bediende) van die Woord en die sakramente klim ook van die kansel af, en dan breek hy die brood in klein stukkies, en hy sê: so seker as wat ek hierdie stukkie brood in jóú hand sit, só seker het Jesus vir jóú gesterf. So seker as wat jy die broodjie en die wyn met jóú oë kan sien, en met jóú mond eet en drink, só seker het Jesus vir jóú sondes op die kruis gesterf, en jóú gered. Al jou sondes — tot aan die einde van jou lewe. Daarom sê hy in die mooi ou taal van die kerk dat Christus gesterf het tot 'n volkome versoening vir ál jou sondes.

**HIERDIE ARTIKEL SAL DV EERSDAAGS IN 'N NETJIESE HARDEBANDBOEKIE (BY CLARITAS) BESKIKBAAR WEES — WAT AAN VOORNEMENDE DOOPOUERS VOOR OF NA DIE DOOPKATEGESE OORHANDIG KAN WORD. AS U DIT GRAAG NOU AL WIL GEBRUIK, IS U WELKOM OM TE FOTOKOPIEER, MAAR NIE Ná DIE VERSKYNING VAN DIE BOEKIE NIE.**

### Swart op wit

Jy sien, daarom sê ek 'n sakrament is 'n sertifikaat wat swart op wit sertifiseer.

Dis soos wanneer jy vir 'n werk aansoek gaan doen.

Dan vra die baas: Wat is jou kwalifikasie?

En jy sê: Matriek.

En hy sê: Laat ek jou sertifikaat sien?

En dan wys jy dit vir hom, en hy is tevrede. Hy glo jou nou. Die sertifikaat het dit vir hom maklik gemaak om te glo.

Dáárom sê ons die sakrament versterk ons geloof. Dit maak dit vir ons makliker om te glo. As jy dit swart op wit gesien het, wéét jy dat dit wáár is.

## Sweer

Hebreërs sê presies dieselfde (6:13) deur daaraan te herinner dat God vir Abraham gesweer het. God het aan Abraham 'n seun, die Beloofde Land en die verlossing belowe, en om Abraham te help glo, het God vir hom gesweer dat dit sál gebeur.

Kan jy dink. God wat net kan sê as Ek gepraat het, het Ek gepraat. My ja is my ja. Ek praat net één keer — dié God sweer vir Abraham. Dis net so aangrypend soos God wat deur Paulus mense smeek om tog asseblief te glo. Hebreërs sê God het niemand gehad om by te sweer nie. Mense sweer by God omdat Hy hoër as hulle is. Hulle sê: Die Here is my getuie. Maar by wie sal Gód nou sweer, Hy is die Aller-hoogste.

Wel, eerder as om nie te sweer nie omdat dit onmoontlik, oorbodig en belaglik is, sweer God by Homself. Maar sweer sweer Hy.

Dít is die doop.

God wat sy hand op papier sit vir jou. Die ekstra myl saamloop om seker te maak dat jy Hom glo. Die sertifikaat uithaal om die woorde te bewys.

## Die groot belofte

Nou wat sweer en sertifiseer God?

Hy sweer en bevestig plegtig dat Jesus vir jou kind gesterf, en hom gered het. Hy reik dus aan jou kind 'n kaart en transport uit van 'n perseel op die nuwe aarde.

Ek suig dit nie uit my duim nie.

Jou kindjie word gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dis nie maar sommer drie name nie. Vader, Seun en Heilige Gees is soos trappe van vergelyking. Dis hoe God al nader aan ons gekom het. Toe praat nie genoeg was nie (Vader), het Hy gekom (Seun), en toe kom nie genoeg was nie, het Hy getroos (Heilige Gees).

Anders gesê: As ons gedoop word in die Naam van die Vader, sertifiseer die Vader swart op wit dat Hy jou kindjie as sý kind aanneem, en aangeneem het. Hy sê: Dis mý kind dié. Hy oormerk hom vir Hom. En as dit sy kind is, dan is dit ook sy erfgenaam. 'n Kind erf tog by 'n vader. By die doop teken God die testament, 'n nuwe testament. In die ou taal van die kerk sê ons Hy lyf die kind by sy verbond in. Hy maak kontrak met hom. Hy sê: Jou verbond-enheid aan My is nou swart op wit beskrywe.

En as jou kind se naam genoem en gekoppel word aan dié van die Seun, dan sertifiseer Jesus, die Seun, dat sy bloed, sy lewensbloed, vir jou kind gevloei het. By wyse van spreke sê Hy dus dat Hy met sy bloed jou kind se sonde op Golgota afgewas het. Dis byna te goed om waar te wees, maar dit ís waar. Ek verseker jou jy mag dit glo. Dit staan nie net in die Bybel nie, dit word ook met die sakrament sonder enige twyfel op jou kind se naam gekrediteer. Hiermee verklaar Ek, dat Ek, Jesus van Nasaret en van die Hemel, jou kind, Johannes Christiaan van Kerken, se sondeskuld alles op Golgota betaal het.

Om in die Naam van die Seun gedoop te word, beteken ook dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf, wat eintlik dieselfde is, maar daarby kom ek weer later.

En dan word hy gedoop in die Naam van God die Heilige Gees, en dit beteken dat die Heilige Gees sweer dat Hy in die hart van jou kind wil en sal woon. Daarom het en sal Hy van jou kind 'n ledemaat van die liggaam van Christus maak.

Die Bybelse manier van praat is alles bedoel om dit vir mense makliker te maak om te verstaan. Ongelukkig het baie (welmenende) "teoloë" so dikwels in die geskiedenis al hierdie bedoeling van die Bybel gedwarsboom, en doen hulle dit vandag nog, veral as hulle van die Bybel 'n een-dimensionele opdragboek maak. na bl. 13

PRYSVAN HIERDIE UITGAWE: R2-95
Dit sluit verpakking en versending in. As u nie reeds 'n vaste betalingsreëling met ons getref het of krediet by ons het nie, kan u ons administrasie spaar deur die bedrag sonder meer aan te stuur.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

van bl. 4

Toe dag ek: Nee, hiervan sal ds. Manie hou, en na die jongste Swart op Wit en hierdie Pastor se diens, sal ek nie weer kleitrap hieroor nie. Ek het selfs Woensdag uit SOW vir die dames voorgelees. " 'n Mens glo dat God jou gered het. 'n Mens glo nie dat God jou sal red as jy glo nie." Ek het gevra of hulle die verskil sien. Bietjie meer tyd vir sommige geneem, maar toe was dit duidelik. Geen predikant het dit voorheen nog só onderskei nie.

Maar daardie preke wat nou so in Swart op Wit ontleed word! Ek weet nie of ek nog één gaan lees nie. Dis te veel van 'n pyn. Dis mos babbelary. 'n Soort vroom nonsens. En dit neem so baie plek in beslag.

Ons het juis veertien dae gelede hier 'n student in Claremont gehad — 'n maat van daardie drie wat nie die NG Kerk se leerstellings wou onderteken nie, en nou nie in ons kerk beroepbaar is nie. Hý wou darem in ons kerk bly, en een van die professore sê hulle het groot probleme met die vier gehad. Hy sê die studente sê daar was niks wat die professore reg kon doen nie. In die hele Stellenbosch was net vier geredde mense, húlle vier.

Toe kom daardie één so half per ongeluk by ons preek. En hy verskree ons so, dis net God se strawwe, VUUR en HEL ens. Ek kan nie die onverkwiklike spul oorvertel nie. Ons is verneder en verontwaardig uit die kerk, ek met 'n bewerasie en 'n hoofpyn.. Van die verkondiging van die Blye Boodskap was daar niks, en dit was oproepe pastorie toe, en 'n brief van my aan die professor.

Toe was daardie preek in Swart Op Wit net drie dae later vir my een te veel, en ek gaan nie nóg een lees nie.

Predikante behoort gemonitor te word hulle hele bediening lank en die wat te spraaksaam raak, en nie meer weet waarom dit gaan nie, moet eers weer terug Kweekskool toe. Die koninkryk van God ly meer skade deur sulkes as deur die sondaar wat nie kerk toe kom nie."

(Mev.) A.J. Potgieter — Claremont

"Baie dankie! Swart op Wit is 'n gawe blad. Dit lees lekker, prikkel en is heerlik gereformeerd. Sterkte!

(Ds.) Gerhard Koen — Rustenburg

# Nog brokstukkies

In die vorige uitgawe het ek 'n paar flenterties van my taai teëltjie teen die muur, opgedis. Daarna ontdek ek toe nog vier — wat vroeër, voor ek 'n taai teëltjie had, sommer teen die boekrak gekram was. Dit was skryfreëls.

* "Nie skok nie." As u soms geskok word, dink net wat kòn gebeur het.

* "Nie neerbuigend wees nie." Daar is 'n verskil tussen maklik (eenvoudig) en neerbuigend. Ook tussen nederige profetiese skerpte en venyn.

* "Nie te veel interpolasies nie." Kyk mooi, aspirant skrywers. Die ruggraat moet helder bly deurloop. Die grootste kuns van skryf is nie wat jy skryf nie, maar wat jy weglaat.

* "Moenie met modder gooi nie, gebruik waterverf." Alles wat jy met modder sou kon skryf en smeer, kan ook met waterverf, maar dis 'n veel groter kuns.

Ek het ook nog 'n egte (Hollandse) gebakte teëltjie wat Gre te Boveldt my in Harderwijk gegee het. Dit hang troostend in my studeerkamer, en sou in Afrikaans lees: JY KAN DOEN NET WAT JY WIL, HULLE SAL TóG SKINDER...

# Reformata Reformans en bevryding

Wat op aarde is Reformata Reformans? Ek kry 'n omskrywe wat sê hulle hou 'n kursus in "bevryding". Weet die kerk daarvan? En die ouers van die kinders? Is alles pluis? Die omsendbrief sê: U sal besef dat ons by die konferensie... selektief moet wees en nie sommer net belangstellendes kan toelaat nie."

Dryf hulle duiwels uit? In (en uit) die NG Kerk?

Is ons nie op die kruis bevry nie? Is dit nie die enigste taak van die kerk om dít te verkondig nie?

Ek sit hier op die grens van Silverton en ek weet niks. Sal iemand wat die diagnose ken, dan nie skryf en help nie?

van bl. 11



Kyk, "gees" beteken ook "asem". Jesus is die "hoof", die "kop" van die kerk wat sy "liggaam" is, en die lidmate van sy kerk is die ledemate van sy liggaam. Sy organe. Hande, voete, oë, ore. As Jesus se Gees nou in dié liggaam is, as Hy die Asem van die liggaam is, is dit één liggaam en behoort al die ledemate aan die Hoof daarvan. Party van jou tone en vingers behoort tog nie aan iemand anders nie.

Nou dít is wat die Heilige Gees by die doop plegtig onderneem: Hy sal jou kind tot 'n ledemaat van die liggaam van Christus "heilig". Die suurstof-asem sal die bloed suiwer, en dan sal dié toontjie 'n gesonde déél wees van die liggaam waarvan Christus die Kop is. En as jy en jou kind deel is van die liggaam van Christus, dan het jy saam met Hom aan die kruis gesterf, en saam met Hom uit die graf opgestaan, en dan is jy gered, want dan het jou sonde soos Jesus se sweetdoeke in die graf agter gebly.

Die doop en die nagmaal, as plegtige swart op wit verklaring, sê jy kan so seker wees daarvan dat dit so goed is asof jy sélf vir jou sonde betaal het. Maar oor hierdie sáám met Christus sterf en opstaan, het ek belowe om later meer te sê.

## 'n Tjek

Die vorige opskriffie was "die groot belofte". Dit moet jy nou eers mooi goed verstaan. Al hierdie geweldige dinge wat die Vader, Seun en Heilige Gees so plegtig sweer en sertifiseer, is beloftes.

Dit maak dit nie minder werd nie. As God iets belowe kan daar tog geen twyfel wees dat Hy dit ook sal doen nie. God sal tog nie 'n belofte maak en dan sy woord breek nie. En, onthou, dis 'n belofte onder eed. 'n Geskrewe belofte. Daar is geen sprake van dat God nie sal doen wat Hy belowe nie. Daarom moet jy jou kinders oor en oor daarvan verseker dat hulle God se doopbelofte mag glo. Of liewer: Dat hulle God se beloftes in die Bybel nog vaster mag glo omdat God dit met die doop onweerspreeklik gesertifiseer het.

Maar dan moet hulle dit ook gló.

Mense, kyk, as ek nou vandag aan elkeen van julle 'n tjek van R10 uitskryf, dan dink ek julle sal dit môre gaan probeer wissel by Volkskas Derdepoort, of waar jy ook al bank. Julle sal dink: 'n mens weet nooit. Die predikant mag dalk R10 in die bank hê. 'n Mens kan dit waag om sy tjek te glo.

Maar as ek aan elkeen van julle 'n tjek van R10 miljoen uitskryf, sal julle daardie tjek wis en seker nie glo nie. Julle sal dink dis 'n swak grap, en die tjekkie in die snippermandjie gooi.

Maar as Gód nou vir jou 'n tjek van R10 miljoen uitskryf, sal jy hom tog nie opskeur nie? God kan tog nie 'n tjek uitskryf wat nie uitbetaal kan word nie? Die hemel en die aarde behoort aan Hom.

Wel, Sondag gaan God vir jóú kind méér as 'n tjek van R10 miljoen uitskryf. Hy gaan vir hom 'n bewys uitreik dat hy 'n erfgenaam is van die hemelse heerlikheid.

Maar dit bly 'n belofte. 'n Promesse. Dit bly iets wat gegló moet word. As jy die tjek opskeur omdat jy God eenvoudig nie glo nie, wel, dan het God nie sy woord aan jou gebreek nie, maar jý het in die uiterste ongeloof en in absurde sonde gesê God lieg. Jy het geweier om God te glo. Selfs nadat God vir jou gesweer het. Waar anders kan jy dan heen as na waar God nie is nie?

God se belofte moet dus geglo word. Eintlik is dit verkeerd om te sê dit móét geglo word — asof die glo 'n wet of 'n voorwaarde is — dit mág geglo word.

## Ouerbelofte

Ons praat so baie oor die ouers se doopgelofte. Jy sal seker nou al kan insien dat die ouers se belofte nie die belangrikste ding is wat by die doop gaan gebeur nie. Nie julle belofte nie, maar Gód s'n is waaroor die doop gaan. God se geswore belofte. As die ouers se belofte 'n gelofte genoem kan word, hoeveel te meer God s'n — wat Hy met 'n eed bevestig.

Maar, onthou net weer, die doop is nie die belofte nie. Die Woord is die belofte, en die doop is die skriftelike, plegtige bevestiging en sertifisering van die belofte wat in die Bybel staan — aan jóú kind, by die noem van sy naam.

Waarom moet die ouers dan ook belowe?

Die ouers staan maar net daar omdat die babatjies nie kan verstaan nie. Julle staan daar om mooi te luister wat God belowe en met julle eie oë te sien hoe Hy dit swart op wit bekragtig, en dan belowe julle plegtig dat julle dit aan julle kinders sal vertel. Julle is doopgetuies. Julle sal oor en oor sê: Ek was daar. Ek was getuie. Ek het self gesien hoe die amptenaar van God die water op jou koppie sprinkel, en sê hy doop jou in die Naam van Vader, Seun en Heilige Gees. Kyk hier is jou doopseel. Jy ís God se kind. Hy het jou vir Hom gevat, en 'n aannemingsertifikaat daarvoor uitgeskryf.

## Op wie se geloof?

Daarom sal jy verstaan dat dit verkeerd is om te sê die kinders word op die ouers se geloof gedoop. Die babatjies word nie gedoop omdat die ouers glo nie, maar omdat Jesus vir hulle gesterf het. Al rede waarom die ouers se geloof belangrik is, is omdat hulle nie kan belowe om die kindjie in God se beloftes groot te maak, as hulle die beloftes nie glo nie. Dan word die ouers se belofte 'n klug, maar God s'n nie. Nooit nie. Daarom is die wroeging van Party mense dat hulle doop nie eg was nie, omdat hulle ouers nie opreg genoeg geglo het nie, ook vergeefse moeite en verdriet. Al sou die hele wêreld ongelowig wees, bly die doop geldig.

## Waarom suigelinge?

Al die gestoei oor die kinderdoop is so onnodig. As die kerk — en selfs sommige verdedigers van die kinderdoop — net weer wou verstaan wat 'n sakrament is, word alles soveel makliker.

'n Sakrament is 'n teken van God aan ons. 'n Hand-teken-ing. Hy teken 'n beëedigde verklaring om ons te oortuig, ons makliker te laat glo. Hy sertifiseer dat Jesus jou kind op Golgota gered het, en hy vra jou om dit aan jou kind tydig en ontydig te vertel, en dat hy dit mag glo.

Om nou te sê die mens móét eers glo voordat God die teken gee, of liewer: Dat die groot doop 'n teken en bewys is dat ons in God glo, is om die kar voor die perde te span. Ons gee nie met die doop aan God 'n teken van ons geloof nie. God het nie behoefte aan tekens nie. God gee aan óns 'n teken. Óns is behoeftig.

Is die doop dan nie 'n "opdrag" waaraan ons "gehoorsaam" moet wees nie?

Ja, die doop word dikwels 'n opdrag genoem, maar dis 'n soort opdrag wat 'n **vergunning** is. Dis soos: Gaan koop vir jou lekkers. Doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Roep my Naam oor hulle uit sodat hulle kan vasbyt tot die einde kom. En dan sal ons altyd by Hom wees. Die doopopdrag is 'n troos, 'n waarborg, 'n konsent aan sy kerk om te sê die Here sweer Hy sal julle nie in die steek laat nie, al gaan julle ook deur die dal van doodskaduwee. Om van die doop 'n opdrag soos 'n wet te maak waaraan ons moet voldoen om God tevrede te stel sodat Hy ons nie straf nie, is om van die genade nie 'n jota of 'n tittel te verstaan nie.

Maar daar is dan nie 'n teks wat sê ons kan babatjies doop nie?

Daar is ook nie 'n teks wat sê vrouens kan nagmaal gebruik nie, en tog het die kerk dit vrymoediglik toegelaat. Die doop het begin in 'n groot-doop-situasie, soos vandag nog in die sendingveld, maar later het die kerk al meer besef dat God se beloftes ook vir die kindertjies is. God se beloftes is nie afhanklik van ons prestasies nie, so 'n baba is die beste daarvoor gekwalifiseerd. Die Here self het gesê niemand sal die koninkryk beërwe as hy dit nie soos 'n kindjie doen nie.

## Saam met Christus

Ek het twee keer al beloof dat ek weer sal terugkom na hoe ons ingelyf word in Jesus se dood en opstanding.

Dis 'n langerige verhaal. As julle wil kan ons eers Prys die Heer sing sodat ons koppe weer helder kan word.

Om te verstaan waarom die doop nodig geword het om ons te help glo, moet ek jou daaraan herinner dat Jesus alléén was toe Hy gesterf het. Stokalleen. Daar was nie eers één wat aangebied het om sy kruis te dra nie. Hulle moes Simon die swarte van Sirene dwing om Hom te help. Daar was nie één wat hulle beloftes uitgevoer het om saam met Hom tot in die dood te gaan nie. Jesus het alléén gesterf. Sy twee misdadiger-kamerade het hierdie eensaamheid net beklemtoon. Dis die laaste plek op aarde waar húlle wou gewees het.

So het Jesus dan sónder ons, vír ons gesterf.

En uit die dood opgestaan.

En toe het Hy sy dissipels krag uit die hoogte gegee en hulle toestemming gegee om die mense in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees te doop.

Wat dít beteken, het veral Paulus later verduidelik. Hy het gesê as ons gedoop is, het ons sáám met Christus gesterf en is ons saam met Christus begrawe, en het ons ook saam met Hom uit die dood opgestaan. Dit staan net so in Rom. 6. In Rom. 5 word vertel hoe Jesus alléén gesterf het — vir sondaars, dit is mense wat God haat — en in Rom. 6 sê Paulus ons het sáám met Christus gesterf.

Hoe kan dít tog wees?

Ek sal dit op my kinderlike manier probeer verduidelik.

Omdat ons nie by was toe Jesus vir die sonde gesterf het nie, het die Here ons agterna bygebring. Hy het gesê kom ons speel dit weer oor. Kom ons hou 'n kinderdiens. Ons speel die water is 'n graf. Dan druk ons jou onder die water in. (Maar nie te lank nie, anders gaan jy regtig dood.) En dan haal ons jou weer uit die water uit, en ons sê: Kyk! Jy was dood, en nou lewe jy weer! Jy kom saam met Christus uit die graf uit. Ons speel ook die water is sy bloed wat jou vuil sonde afwas. Kyk: daar bly jou vuil sonde in die doopvont en in die graf agter.

Maar, moenie vergeet nie, dis 'n amptelike handeling, 'n plegtigheid, waarin God nie net kinderdiens hou nie, maar ook ernstig sertifiseer, en plegtig verklaar. Dis 'n handeling soos 'n burgemeester wat 'n eerste sooi spit. Dit lyk na kinderspeletjies, maar dis iets geweldigs. Of soos 'n generaal wat die eerste skoot in die lug vuur, wat beteken dat die slag begin.

So sterf ons dan in die doop saam met Jesus, en staan saam met Hom op. In sy groot liefde en toeskietlikheid teken God in die hemelse joernaal aan dat ons saam met Christus gesterf het, en dat ons rekening, wat so diep in die rooi was, nou gedelg is, so volkome en werklik asof ons self elke sent van ons skuld terugbetaal het. Want ons was dan self in die graf. So help die doop ons glo dat wat in die Bybel staan, waar is, en vir mý waar is. Op my persoonlike rekening gekrediteer.

## Baptizein

Hoekom dompel ons dan nie meer die mense onder die water in nie?

Ons kan dit maar doen. Dis mooi.

Ek dink ons het met die eeue die water verminder omdat die mense bygelowig daaroor geraak het, en omdat dit nie die hoeveelheid water is wat belangrik is nie. In die eerste eeue al het die kerk, as die water min is, die mense met hulle voete in die baptisterium laat sit, en die water met 'n beker oor hulle gegooi. "Begiet", sê die ou taal van die kerk. Met 'n gieter. Die hoeveelheid water is net so belangrik soos die papier waarop 'n sertifikaat gedruk is. Jy kan dit op dik karton druk of op dun papier. Nie die papier doen die ding nie, maar die woorde op die papier. Die woorde wat onder eed sertifiseer.

Petrus en Paulus skryf dat die redding van Noag en sy gesin deur die water heen, en van Israel deur die see voor die Egiptenaars uit, 'n beeld, 'n gelykenis, 'n parallel van die doop was. Dit wys net hoe soepel die Bybel met woorde is, want in albei gevalle het die kinders van die Here nie onder die water beland nie, maar die ongelowiges. Die doop vertel van en waarborg die redding. Dis nie 'n duikles nie.

Ons weet ook wat baptizein beteken, maar as die Bybel 'n koekresep was, sou ons ons daaroor druk gemaak het.

## Red die doop?

Dominee, wil jy nou vir my sê as my kind Sondag gedoop word, dan gaan hy hemel toe? Omdat hy gedoop is? Red die doop 'n mens?

Nee. Hy gaan nie hemel toe omdat hy gedoop is nie. Hy word gedoop omdat hy hemel toe gaan. En hy gaan hemel toe omdat Jesus vir hom gesterf het.

Maak hom groot om dit te glo. Maak hom groot as 'n kind van die Here wat hy ook is. En sê hy moet leef soos 'n kind van die Here. Leer hom hoe 'n mens dit doen. Hoe 'n mens nederig van genade lewe omdat jy sonder enige prestasie van jou kant af die hemel persent gekry het.

En as hy groot genoeg is, laat hy in die kerk voor al die mense sê dat hy die beloftes glo wat God in die Bybel gemaak het, en wat God met 'n eed aan hóm bevestig het by sy doop — toe hy nog van geen sout of water geweet het nie.

Maar moenie vir hom sê dat hy gered word omdat hy op God se verbond of genade of iets antwoord nie. Moenie hom deurmekaar maak nie. Bly vir hom net één ding sê: Dat hy gered word omdat Jesus hom op die kruis gered het. Dat hy dit maar kan glo.

INTEKENVORM (slegs nuwe intekenaars)
Hiermee teken ek op Swart op Wit in. Die intekengeld van R20 word hierby ingesluit/u kan dit verhaal teen my (Visa of Master) kredietkaart no.
NAAM ______
ADRES ______
______
______

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

# VOORTPLANTINGSORGAANTJIES

**DIE VOORTPLANTINGSORGAANTJIES VAN DIE VERSTANDELIK ERG GESTREMDE KIND EN DIE HANTERING DAARVAN TOT HY GROOT IS***

Ek is 'n bedienaar van die evangelie. Ek is nie 'n sielkundige of 'n pedagoog nie. Al weet ek van albei, die psigologie en die pedagogie iets uit die praktyk, ek praat primêr met u as 'n bedienaar van die liefdeswoorde van God. Selfs al het ek self 'n erg gestremde kind, sodat ek weet waarvan ek praat.

Nou, 'n bedienaar van die Goddelike Woord is 'n wonderlike verskynsel op hierdie aarde, want hy praat oor die toekoms in die verlede tyd, oor die hede in die toekomende tyd en oor die verlede in die teenwoordige tyd.

Die bedienaar van die woord lewer selde lopende kommentaar. Hy is altyd van slag af, misplaas, 'n anachronisme.

**WAT ONS MET ONS AARDSE Oë VOOR ONS SIEN, IS DIE POTSIERLIKE ORGAANTJIES VAN MENSIES WAT VOLGENS ALLE MENSLIKE STANDAARDE LIEWER NIE DAAR MOES GEWEES HET NIE.**

As u hierdie eienaardige standplaas van die spreker nie verstaan nie, sal sy logika waarskynlik Grieks klink.

* * *

Ons leef nie in 'n wêreld wat stilstaan nie; nie in 'n wêreld wat miljoene jare die pas markeer terwyl hy nimmereindigend al ouer word nie. Ons lewe in die voorlaaste oomblikke. Daarom is ons etiek 'n soort loopgraafetiek. Ook ons seksuele etiek. Dis nie 'n etiek vir alle tye en eeue nie. Dis interimetiek, 'n etiek wat sy asem ophou om die laaste basuin te hoor blaas. En as die laaste basuin geblaas word, sal daar geen dood meer wees nie; en al die trane sal afgedroog word.

* * *

'n Mens sou dus ook kon sê dat ons 'n verwagtingsetiek het, of eintlik dat ons dit koester. En dit wat ons koester, is die verwagting van 'n nuwe aarde, waarop alles nuut sal wees, en heel, en volmaak. Die Bybel sê ons is swanger in hierdie verwagting.

En onmiddellik beland ons daarmee midde in ons onderwerp. Want Paulus sê hierdie swangerskap van ons in die loopgrawe van die geskiedenis is nie net, wat die Hollanders noem, 'n blye verwagting nie, dis 'n barens-nóód, wat ons laat sug, saam met die hele skepping. Ons nood is weliswaar nie 'n angswekkende noodlot wat ons absurd laat sterwe en misgeboortes laat voortbring nie. Maar dit blý 'n nood, 'n barens-nood, vol bloed en trane en sweet en selfs walglike vleeslikheid die oomblik as ons die kruis en die herskepping uit die oog verloor.

Want wat sien ons met ons aardse oë voor ons? Behalwe die potsierlikheid, meesal, van die normales, sien ons in die onderhawige geval die orgaantjies van mensies wat volgens alle menslike standaarde liewers nie daar moes gewees het nie (die orgaantjies, en selfs die mensies nie) want al wat hulle sou kon doen, is om die ellende van hulle draers voort te plant, sonder die vermoë om die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

En nou vra u van my hoe ons dit moet hanteer.

Kan daar 'n moeiliker vraag gevra word?

**NIE EEN VAN DIE ANTWOORDE WAT ONS AAN ONS NORMALE KINDERS OOR VOORTPLANTING GEE, IS OP DIE ERGGESTREMDES VAN TOEPASSING NIE.**

Nie één van die antwoorde wat ons aan ons normale kinders gee, is hier waar en van toepassing nie. Ons kan nie sommer maar vertel hoe mooi dit is, en van blommetjies en bytjies, en van die wonder van eendag as hulle eers getroud is nie.

*Referaat gelewer by die PU vir CHO se Somerskool oor Die begeleiding van die erg gestremde kind tot volwassenheid.

# 'n Doopkonferensie en 'n plaaggees

Op 25 Januarie 1985 het ons in Kameeldrif 'n doopkonferensie gehou wat so geslaagd was as wat so 'n konferensie maar geslaagd kan wees. Die meeste word versterk in hulle ou oortuigings maar dit is tog goed dat ons mekaar sien en hoor. Pastoor Fritz Kemp het gebly by die resepmatige uitleg van die Bybel wat niks anders as die belydenisdoop kan "voorskryf" nie; prof. Jannie Louw het so neutraal moontlik gesê die geskiedenis weet aan die begin net van die belydenisdoop, maar heel gou is daar met al onsuiwerder motiewe kinders en sterwende bejaardes gedoop. Sy eie kinders het hy klein laat doop, maar nie omdat hy die doop as 'n sakrament beskou nie — omdat hy bloot belowe het om hulle vir die Here groot te maak. Dr. Flip Theron het aangetoon hoe die Reformasie die dwaling deursien en juis die kinderdoop uitgewys het as die doop wat die diepste bedoeling van die Bybel uitdruk: Dat Gód oor ons heil beskik, en dat ons dit net soos kindertjies kan **ontvang.**

Maar die konferensie het 'n interessante nadraai gehad. Een van ons gemeentelede, wat met groot geesdrif uit die sektes na ons teruggekeer het, het my gevra of sy 'n sekere ou plaaggees uit Waverley ook moet nooi. Ek het gesê nee, ons sal hom nooit stilkry nie. Daar is dan selfs nie meer één sekte goed genoeg vir hom nie, om van die kerke nie eens te praat nie.

Toe hoor hy twee dae ná die konferensie daarvan en hy skryf aan my: "Ek skryf nie aan u omdat ek verneem het van 'n doopkonferensie wat eergister in u kerk gehou sou geword het en wat ek nie moes bywoon nie en waarvan ek nog geen kennis dra nie, maar omdat die Here my om 4 v.m. beveel het om hierdie brief aan u te rig." (In dié brief roep hy dan die oordele van God beswerend op my af.)

Hieruit kan 'n mens net één logiese afleiding maak: Die Here het ook gedink dis beter dat die oom pastoor nie die konferensie bywoon nie. Waarom anders sou Hy hom toe dit al te laat was, eers daaroor ingelig het?

**SWART OP WIT-INTEKENAARS IS NIE KOPIEREGSKENDERS NIE' HULLE WERF NUWE INTEKENAARS.**

# Jan de Wet bedank as leraar

Volgens Die Burger van 14 Desember 1985 wil dit voorkom asof die singende predikant, ds. Jan de Wet, as leraar bedank het omdat hy sy "talente en die evangelie met almal (wil) deel", maar omdat 'n leraar nie in 'n ander (NG) gemeente se gebied kan optree sonder dié se toestemming nie, en dit nie altyd verkry kon word nie.

Hy het ook aan Die Burger gesê: "Mense aanvaar net nie dat jy as NG predikant voor almal kan optree nie."

Dat die toestemming van die plaaslike gemeente nodig is, is korrek, maar dat 'n predikant nie voor andersdenkendes kan optree nie, is nie waar nie. Die vraag is hóé hy optree. Getuig hy vir die onvervalsde evangelie of heul hy met die sektes? As 'n man die sektes help mense red, selfs uit sy eie kerk uit, is hy ontrou aan sy kerk se belydenis en dien hy nie die evangelie van die kruis nie.

Hierdie situasie sal nie verander as ds. Jan nou net Jan is nie — om Die Burger se taal te gebruik. Hy sal steeds as NG lidmaat die plaaslike gemeente se toestemming nodig hê en as hy en ander NG lidmate nie belydenisgetrou optree nie, en met sektes heul, moet hulle aangespreek word.

Oor Jan de Wet se sang- en musiektalent is daar nie twyfel nie. Na verskeie gesprekke met hom twyfel ek egter of hy regtig in staat is om op grond van die kinderdoop élke lidmaat van 'n gemeente as 'n kind van die Here te aanvaar. Of hy dit wil doen. Dit is waar die skoen knyp, want as hy dit doen, sal hy baie moeiliker saam met die sektes werk en beslis minder welkom by hulle wees.

Voordat ons mekaar nou in die verdrietigheid inpraat, wil ek my haas om te sê dat een van die genadigste aspekte van die verstandelik erg gestremde kind, die kortheid van sy gedagte is. Sommige feite onthou hy baie lank, maar sy leed is baie dof en gaan soos 'n skaduwee van 'n klein wolkie gou oor hom heen.

Die een oomblik sal hy nog praat van trou, en die volgende oomblik lag-lag vertel hoe sy meisie hom die sek gegee het. Sy leed is van korte duur en word ver oortref deur sy liefdevolle hartlikheid.

* * *

Maar ek wil nie verval in praktiese dinge waarvan deskundiges wat elke dag met hulle werk, soveel meer weet as ek nie.

Ek is 'n bedienaar van die Woord, van die Openbaring van die koninkryk op die nuwe aarde. En in dáárdie lig, waarin ons die lig sien, is die seksualiteit van die gestremde 'n botsel, 'n bloeisel, 'n simbool, 'n profesie. Dit mag nie en dit kan nie 'n funksionerende orgaan wees nie, nie voluit nie, maar dit het dieselfde waarde as die woord "liefde" in die Bybel, al is die woord "liefde" in die Bybel maar net gevormde ink op papier.

Daarmee bedoel ek dat ons die seksualiteit van ons onderhawige kindertjies met die grootste agting en respek moet behandel, en daardie selfde gesindheid aan die kinders moet oordra.

**AS ONS AANVAAR DAT HULLE ORGAANTJIES NORMAAL EN MOOI IS, WAT MAAK ONS MET DIE EKSTASE WAT DAARIN INGEBOU SIT?**

Daar mag geen sprake van wees dat ons hulle moet voorgaan in die opvatting dat dit iets is wat vuil en lelik is en daarom weggesteek moet word nie. En dat 'n mens daarom ook nie daaraan raak nie, want dis smerig. Nee, nee, dis mooi. Dis wonderlik mooi, dis die waarmerk van jou man- of vrou-wees. Trouens, dis so mooi dat ons dit soos 'n kosbare skat wegsteek agter ons mooiste kleertjies sodat elke Jan Rap en sy Maat nie sommer goedkoop daaroor moet dink en daarna moet staar nie. Daarom gee ons dit ook mooi name, en berispe ons hulle oor die lelike name wat so lekker in hulle vuil bekkies pas. Die vuil bekkies wat net so mooi kan bid.

Wat dan van die probleem van ontbloting wat so dikwels voorkom? Sal dit nie toeneem as ons dit te mooi maak nie?

Ja, dit kan gebeur, maar dit moet ons voorkom met die beklemtoning van die intimiteit. Ontbloting maak lelik. Dit maak dit goedkoop.

* * *

Maar wat van die ekstase wat ingebou sit in seksualiteit?

Sonder dat ek die vakmense geraadpleeg het, wil ek waag om te sê dat dit naïef is om te dink jy sal hulle leer of dreig om hulle hande tuis te hou. As jy A sê, moet jy ook B sê. As dit mooi is, is dit ook aangenaam; of andersom, as dit mooi is, hoe kan jy die ekstase daarvan verdoem?

**KAN ONS HULLE NIE DALK MAAR LAAT TROU NIE?**

Ek voel myself in 'n mynveld. Sonder sappeurs. Sonder ondervinding.

Met die normale kind kan jy die seksuele eksperimentering in die puberteit afmaak en ontlaai as eensydige oefening en die infame leuen dat dit die sonde teen die Heilige Gees is, die nek inslaan. Jy kan sê dis leer loop met baie val en vol eensaamheid wat eers verdwyn as die twee-eenheidsgemeenskap van die huwelik kom.

Maar wat sê jy vir die verstandelik erg gestremde? Sê jy mens doen dit eers as jy getroud is. Dan sorg jy dat hy gesteriliseer word en laat hom trou? Of verdof jy hom so met depressante dat die probleem verval? Ons sal hierdie vrae nie kan ontduik nie.

* * *

Ons kan nie die orgaantjies eer en met aansien beklee, soos Paulus sê, en dan hulle funksionering verdoem nie.

Maar, en ek dink dít is die skarnier van my betoog, ons het nie te maak met mensies en orgaantjies waaroor ons normaal kan dink nie. Ons het te doen met cul de sac-mense. Na die mens gesproke — minstens wat voortplanting betref. Hulle skat is nie hier op aarde nie, maar verborge by God in die hemel. Hulle kán nie hier funksioneer nie. Hoe ons dit ook al wend en keer, hulle is gestremd, erg gestremd, en ons kan geen sisteem uitwerk waarmee ons wat wanstaltig en onhanteerbaar is, kan normaliseer nie.

Maar nou moet dit ons nie in die bande van ellende laat versink nie. As ons dit in liefde hanteer en kalmeer, moet ons dit in liefde doen, en gelowig. Ons werk met 'n deeltjie van die tempel van die Heilige Gees. Ons werk met die elite van God se koninkryk (Noordmans). Ons sê dit nie vir hulle nie, want hulle sal dit nie verstaan nie, maar ons hanteer dit voor en aan hulle as simbole van die gelowige volk van God wat 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde verwag.

Weet ons dit van onsself? Weet ons dat God met sy skeppershand potensieel of aktueel aan ons raak as ons met ons lewensmaats gemeenskap het? Onthou ons nog dat die gemeenskap van God met sy volk by dieselfde woord genoem word as die gemeenskap van man en vrou? Dat Paulus dit 'n diepe verborgenheid noem wat 'n misterieuse parallel vertoon met die verhouding tussen Christus en sy kerk?

En is ons sogenaamde normale omgang so foutvry? Is ons liefde nie ook dikwels lomp misplaas nie? Is ons werklik so sonder ondervinding met hierdie inhibisielose kleintjies en groteres dat ons met ons hande in ons hare sit as hulle sommer wil uithaal en wys?

* * *

Ek wens ons kon hulle laat trou. Ek het nie die bevoegdheid en kennis om selfs te raai of dit fisies en psigies gehanteer sal kan word nie. Maar teologies kan ek met die beste wil van die wêreld nie sien waarom dit nie mag nie.

Die Bybel vertel van die eunigs wat in die binnekamers onskadelik die vrouens van die paleis bedien het, en sê nie één skewe woord oor hierdie veiligheidsmaatreël nie. As ons nou, met die moderne mediese kennis tot ons beskikking, kan steriliseer — nadat aan al die wetseise voldoen is — en ons kan in hierdie skadusamelewinkie klein skadustruktuurtjies oprig, waarom nie? Maar dan moet die deskundiges daarvoor kans sien — om dit te hanteer en te administreer, en dit moet nie dissiplineloos gebeur nie. Klein skaalmodelletjies van die koninkryk mag nie psomiskuïteit, bandeloosheid, legitimeer nie.

* * *

Subjektief ervaar ek dat ek nog byna niks gesê het nie.

Laat ek dit nogtans probeer saamvat.

* In die seksuele, die intiemste liefhê van ons naaste naaste, klop die hartaar van ons bestaan en voortbestaan.

* Dit mag nimmer en nooit as vuil en smerig gebrandmerk word nie.

* Die sonde wat ons so graag in ons sagste plekkies aanval, het verwoesting juis in hierdie weerloosheid aangerig en as dit dan ook nog deel is van 'n mensie wat die sondegebrokenheid so sigbaar vertoon, het ons te maak met 'n byna onhanteerbare stukkie op die skaakbord van die lewe.

* Die seksualiteit van die verstandelik erg gestremde is soos 'n nagemaakte skaakstuk langs die bord. Al sou ons ook hoe graag wou, ons kan nie 'n normale spel daarmee speel nie. Vakkundiges sal moet bepaal watter skadustruktuurtjies moontlik is.

* Maar dít is nie die laaste woord nie. Gód sê die laaste woord. En sy laaste woord is dat Hy alles nuut en heel maak. Hy sê dit as 'n belofte wat volledig op die nuwe aarde verwesenlik sal word, maar wat so seker is dat Hy dit in die verlede tyd sê. Op watter presiese manier dit dan daar sal uitsien, weet geen mens nie.

* En as ons as ouers en opvoeders hierdie belofte-woorde van God hoor, en glo, begin die nuwe skepping in ons harte en groei dit uit tot by ons hande en vingerpunte en bepaal dit die tekstuur, die raamwerk, die toonaard waarmee ons die onbruikbare seksuele vermoëns en onvermoëns van hierdie kinders van die skadu en van die hemel hanteer.

Dáárom: Elke keer as jy by een van dié inrigtings kom waar hierdie mensies leef en veel meer lag as huil, hoor jy die wind die woorde fluister: "Die koninkryk van God is hiér baie naby. En: Aan húlle behoort dié nabye koninkryk van die hemele."

van bl. 20

Dan hoor ds. De Lange homself sê: "Sê maar vir my 'Dominee'."

"Nee, wat is jou voornáám?!"

"O, my voornaam? Jacobus Johannes Wilhelmus."

En net daar begin die nuwe magstryd — hierdie keer oor die beheer van Bitterals.

Hoe moeilik is dit tog om ons belydenis in dade om te sit — dat Jesus Christus die enigste Hoof van kerk- en gemeente is.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/1 MAART 1986

# DIE BAAS VAN DIE PLAAS

'n ligter luim

Baie gemeentes het 'n sheriff. 'n Sheriff is die man wat die lakens uitdeel. Soms is dit die dominee. Dikwels nie. As dit nie die dominee is nie, is dit wat gewoonlik genoem word die hoof-ouderling, of die skriba.

Hy (en sy vroutjie) "neem waar" as daar 'n predikantsvakature is, en dit gaan gepaard met soveel magsvertoon dat almal later wonder of die waarnemendes werklik die vakature gevul wil hê.

En op 'n dag neem 'n arme predikant van êrens ver die soveelste beroep soontoe aan. Waarskynlik doen hy dit ook omdat hy wil wegkom van die plek af waar hy al soveel moeilikheid ondervind en gemaak het. Hy verlang na rus. Hy sê oor en oor vir sy vrou en kinders hy het nou sy lesse geleer. Hy wil nou so graag op 'n plek kom waar hy van voor af kan begin sonder om weer dieselfde foute te maak en sonder om weer in dieselfde soort strikke te trap. Dáárom was hy so bly oor die beroep Bitterals toe, waar niemand hom ken nie.

En op die afgespreekte plek buite die dorpie staan die paar motors langs die pad, en as hy en sy gesinnetjie stilhou, en gekreukeld en sweterig uitklim daar in die veld, kom die paar mense huiwerig aangeskuifel so entjie agter die vooruitstaande hoofouderling aan.

Die dominee se hart klop in sy keel. Hoe sal die eerste kennismaking tog wees. Hy wil tog nie 'n voet verkeerd sit nie.

"De Lange", sê hy ferm, maar nie té ferm nie, soos hy hom voorgeneem het.

**AS PETRUS BARKHUIZEN DAARIN SLAAG OM JAKKIE DE LANGE OP SY NAAM TE NOEM, BLY HY DIE ONBETWISTE SHERIFF VAN BITTERALS.**

"Barkhuizen", sê die sheriff. "Piet Barkhuizen". Selfvertroue straal uit hom uit, en uit sy moordende greep. Hy groet Mevrou met die een hand om haar skouer. En ook die stomme bloedjies wat duidelik kan sien hoe hy by hulle verbykyk met sy sterk glimlag wat besig is om te fade. Hulle verwens vir die soveelste keer hulle vader se beroep. Wat sou hulle tog wou gee om 'n (gewone) mens se kinders te wees.

Na die voorstellery en groetery en die sing van Prys die Heer wat wegwaai êrens heen in die veld, versit hulle pastorie toe. Nou klop die dominee se hart weer in sy keel. Wat sal hy tog in sy vrou se oë lees... As hulle gelukkig is, is dit 'n mooi funksionele huis — wat vir soveel dinge kompenseer; as hulle minder gelukkig is, is dit 'n gewone woonhuis omdat niemand hom kon voorstel dat 'n pastorie 'n woonhuis cum spreekkamer is nie, waar die hartseer en probleme van die mense tog so ver moontlik verwyder moet wees van die kinders.

Nou word die sleutel oorhandig en 'n klompie laerskoolkindertjies sing 'n halleluja of twee in 'n erewag met die pastoriepaar wat gedweë agter Oom-hoofouderling Piet Barkhuizen aanloop. Die seuntjies kyk die dominee se knaap deurborend aan en belowe mekaar dat hulle hom dít nooit gaan vergewe nie.

In die sitkamer word tee bedien.

En dan speel Oom Barkie, wat so lank waargeneem het, sy eerste gróót kaart.

"Dominee", frons hy skielik, "hoe sê jy wat is jou naam?"

"De Lange", sê die predikant om tyd te wen en 'n plan te beraam.

"Ja, ja, dit weet ek", sê die oom effe gesteurd. Dat die man nou kan insinueer dat sy geheue so kort kan wees. "Ek bedoel jou..., jou voornaam. Hoe moet ek jou noem?"

Vir die man wat nog nooit aan die dominee se kant van die gesprek gestaan het nie, is die drama en die trauma daarvan waarskynlik volkome onbegryplik. Maar vir ds. De Lange is dit die eerste geleentheid om verseker 'n fout te maak.

Sê hy sy naam is Jakkie, soos sy pa en sy ma en sy paar vriende hom noem, is hy stewig in Petrus Barkhuizen se sak. Was dit Holland of Amerika of Pretoria waar almal die leraar op sy naam (kan) noem, was dit niks. Maar in Bitterals gaan dit net Oom Barkie wees en almal gaan weet dat Oom Barkie onbetwisbaar die sheriff bly; die man by wie dominee alles eers moet verbykry voordat hy dit kan voorstel by die kerkraad.

na bl. 19